# DEEL III

# HOOFSTUK VIII

# DIE OPLEIDING VAN DIE HOOF VAN DIE AFRIKAANSE SKOOL

## 1. Begripspresisering

### 1.1 Opleiding, voordiensopleiding en indiensopleiding

Die begrip opleiding dui op die bewuste en beplande verbetering van vaardighede, die verhoging van doeltreffendheid, die bekwamer maak deur doeltreffende integrering van vermoëns en tegnieke ten einde beter werk te verrig. Die opleiding van onderwysers beteken die bewuste en beplande voorbereiding van studente vir die beoefening van die onderwysberoep.(1) In dié sin moet die opleiding van die hoof beteken: die opleiding wat die hoof as aanloop tot en voorbereiding vir die beoefening van hoofskap ontvang het, voordat hy in 'n hoofpos aangestel is.

In hierdie studie word egter onder die opleiding van die hoof twee soorte opleiding verstaan:

* Die opleiding van gekeurde onderwysers vir die hoofskap. Dit is nie die doel om in besonderhede daarop in te gaan nie. Wanneer wel na dié soort opleiding van die hoof verwys word, sal die woord voordiensopleiding daarvoor gebruik word. Onder die voordiensopleiding van die hoof word die bewuste en beplande opleiding verstaan wat die hoof voor sy aanstelling as hoof ontvang het om hom vir hoofskap voor te berei.(2)

* Die opleiding van die hoof nadat hy as hoof aangestel is. Hierdie hoofstuk sal hoofsaaklik oor dié soort opleiding van die hoof handel. Dit dui op die bewuste en beplande indiensopleiding (in-service train-

1. Vgl. Ruperti, R.M. Die opvoedingstaak. p.8.
2. Vgl. Cunningham, K.S. and Redford, W.C. Training the administrator. p.85.

ing) van die hoof.[3] Die doel van dié soort opleiding is hoofsaaklik om die saaklik-tegniese vaardighede van die hoof sodanig te verhoog dat hy sy taak doeltreffender sal verrig.*

1.2 Opleidingsprogram

Die opleidingsprogram vir die hoof sal in die lig van die bg. dan die beplande program vir die indiensopleiding van die hoof beteken. Dié program is formeel en tweeledig van aard:

dit kan die opleiding van die pasaangestelde hoof, ook genoem beginnerhoof, voordat hy die hoofskap aanvaar voor oë hê;

dit kan die opleiding van die diensdoende hoof ten doel hê.

1.3 Indiensontwikkeling

Die indiensontwikkeling van die hoof dui op die ontplooiing van die professionele vermoëns van die diensdoende hoof. Dit is informeel van aard wanneer die hoof se professionele vermoëns gedy, bv. deur sy optrede as jeugleier, as voorsitter van 'n groep hoofde wat 'n bespreking oor groepdinamika voer, as voorsitter van 'n personeelvergadering, en wanneer hy as hoof verslae oor die leerlinge aan ouers bestudeer en beoordeel. Dit is formeel van aard wanneer die hoof deur beplande kursusse opgelei word om sy taak beter te verrig.[4]

1.4 Diensdoende hoof en beginnerhoof

Onder diensdoende hoof word dié hoof wat reeds ervaring as hoof opgedoen het en in 'n hoofpos diensdoen, verstaan. Die beginner-hoof dui op die pasaangestelde hoof. Dit veronderstel 'n tydperk wat verloop tussen sy aanstelling en sy diensaanvaarding as hoof, asook 'n begin-tydperk van diens as hoof. Die beginnerhoof is die onervare hoof.

---

3. Vgl. Pharis, W.L. In-service education of elementary school principals. pp. 1—48.

* Vgl. ook Spears, H. Improving the supervision of instruction, p.380.

4. Pharis, W.L. op. cit. p.12.

### 1.5 Leierhoof en leerlinghoof

Leierhoof dui op 'n ervare, bekwame hoof wat as leier of opleier van onervare of minder ervare hoofde optree. Die leerlinghoof is die onervare of minder ervare hoof wat onder leiding van die leierhoof 'n bepaalde taak in 'n opleidingsprogram uitvoer. Daar kan ook na die potensiële of aspiranthoof as leerlinghoof verwys word. In dié sin dui leerlinghoof op 'n onderwyser wat opgelei word om 'n hoof te word.

## 2. Die aktualiteit van die opleiding van die hoof

Daar word vandag in die Westerse wêreld verskeie redes aangevoer waarom die hoof in en vir sy taak opgelei moet word. Sommige van dié redes bevestig ook waarom die beplande opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool volgens bepaalde beginsels en op 'n bepaalde wyse op 'n vaste grondslag geplaas behoort te word.

### 2.1 Die fundamentele eis

In hoofstuk twee is die prinsipiële noodsaaklikheid gemotiveer dat die geroepene die verantwoordelikheid dra om in sy beroepsarbeid te verbeter. Dit is ook sy verantwoordelikheid om sy beroep en sy verbetering daarin vanuit 'n bepaalde visie te beplan en uit te voer.(5) Waar die beplande opleiding van die diensdoende hoof van die Afrikaanse skool die doeltreffender eksploitering van sy professionele vermoëns ten doel het, daar moet dié opleiding vanuit die grondmotief van die Afrikaanse skool beplan en aangebied word. Sonder dié noodsaaklike komponent in die opleidingsprogram, sal die hoof van die Afrikaanse skool 'n eensydige humanisties- en saaklik-tegniesgeoriënteerde opleiding ontvang.

Die roepingsbeginsel eis in dié verband die verantwoordelikheid van twee instansies op:

eerstens dié van die onderwysowerheid wat die opleidingsprogramme vir die hoofde van Afrikaanse skole in die Christelike lewensbeskouing moet fundeer en aanbied;

---

5. Kyk pp. 26–28; 41; 245–248.

tweedens dié van die hoof van die Afrikaanse skool wat dié program in roepingsperspektief moet benader en uitvoer.

2.2 Die eise van die tyd

Daar is reeds daarop gewys dat die hoof op hoogte van allerlei gedagtestrominge en tendensieuse invloede in die samelewing moet bly.(6) Die skool en die hoof bestaan lankal nie meer in isolasie nie, daarom mag die opleiding van die hoof ook nie afsydig van die werklike lewe geskied nie. Die effek van verstedeliking, massaproduksie en gepaardgaande funksionele houdinge van mense tot mekaar het nuwe probleme in die persoonlike verhoudinge binne die skoolgemeenskap geskep wat nuwe kennis, metodes en tegnieke vir doeltreffende oplossing vereis. Die eise om beter mensebetrekkinge en die realisering van die ekumeniese roeping van die Afrikaanse skool word steeds dringender. Outoritêre leierskap, wat nie lank gelede nie nog met die elite geassosieer is en as die voorreg van sosiale status- en arbeidsgroepe beskou is, het plek gemaak vir doelgerigte, demokratiese, sosiale, kollegiale leierskap wat gekondisioneer word deur houdinge van begrip, erkentlikheid, hulpgewing, saaklikheid en kommunikasie. Dié leierskap verg vandag van die hoof van die Afrikaanse skool heldere perspektief vanuit die grondmotief van die Afrikaner. Dit verg ook van hom gespesialiseerde kennis, groter vaardigheid en meer aandag en tyd.(7)

2.3 Die eise van die professie

Die gradering en diplomering van die onderwyser kan slegs die begin van sy voorbereiding vir 'n moontlike hoofskap wees:

> "One can be prepared for the principalship in a graduate school or through an internship, but one learns to be a principal after one becomes a principal."(8)

---

6. Kyk pp. 114–115; 221.
   Vgl. ook Cunningham, K.S. and Redford, W.C. op. cit. p.81.
7. Taylor, W. Training the head. (In Allen, B. ed. Headship in the 1970's, pp. 140–152).
8. Pharis, W.L. op. cit., p.8.

Skole is daar om die leerlinge voldoende toe te rus om die uitdagings van 'n steeds snel veranderende en versekulariserende wêreld die hoof te kan bied. Die skool is wetenskaplik meer in beweging as gedurende die eerste drie dekades van hierdie eeu.[9] Dit het vir die hoof allerlei vraagstukke meegebring wat nie net 'n hoë mate van kennis, moed en integriteit vereis nie, maar ook heldere insig en breë visie. Die hoof moet deur 'n fyn beplande opleidingsprogram toegerus word om met die vernuwinge en veranderinge en hulle opvoedkundige implikasies tred te hou.[10]

Onderwysers word vandag oor die algemeen beter as in die verlede opgelei. Hulle is al meer deskundiges deur spesialisasie. Die hoof moet die deskundige professionele leier by sy skool bly.[11]

Die taak van die hoof het in diepte en omvang toegeneem.[12]

2.4 Die behoefte by die hoofde self

In vraag 11 van die vraelys (kyk bylae A) is die hoofde gevra of hulle 'n gereelde kursus gerig op die taak van die hoof as noodsaaklik beskou vir alle hoofde wat 'n eerste hoofskap aanvaar. Volgens die gegewens in tabel 20 het 97,4 persent van die hoofde van primêre en sekondêre skole wat dié vraag beantwoord het bevestigend daarop geantwoord. Vraag 12.1 wou van die hoofde weet of sodanige kursus periodiek vir diensdoende hoofde herhaal moet word. Hierop het 90,5% van die hoofde bevestigend geantwoord. Die groot meerderheid hoofde van Afrikaanse skole gevoel daarom 'n besondere behoefte aan die opleiding van die hoof.

Volgens die kommentaar wat die reëlingskomitee in Transvaal van die kursusgangers ná verskeie kursusse sedert 1967 ontvang het, is die volgende van die belangrikste redes waarom hoofde die opleiding van die hoof as aktueel beskou:

---

9. ANOF. Taak van het hoofd van de school, p.21.
10. Cunningham, K.S. op. cit. pp. 45–46.
11. N.E.A. Remaking the world of the career teacher, p.79.
12. A.N.O.F. op. cit. p.22.

**TABEL 20:** Die persentasie hoofde wat op vrae 11 en 12.1 van die vraelys bevestigend geantwoord het.

| SOORT SKOOL | PROVINSIE | VRAAG II | | | VRAAG 12.1 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Getal antwoorde | | % Bevestigend | Getal antwoorde | | % Bevestigend |
| | | Ja | Nee | | Ja | Nee | |
| PRIMÊRE | TVL. | 246 | 5 | 98,0 | 215 | 36 | 85,7 |
| | KP | 134 | 5 | 96,4 | 126 | 13 | 90,6 |
| | NATAL | 15 | 0 | 100,0 | 15 | 0 | 100,0 |
| | Sub-Totaal (1) | 395 | 10 | 97,5 | 356 | 39 | 87,9 |
| SEKONDÊRE | TVL | 69 | 3 | 95,8 | 65 | 7 | 90,3 |
| | KP | 121 | 3 | 97,6 | 105 | 8 | 92,9 |
| | NATAL | 10 | 0 | 100,0 | 8 | 2 | 80,0 |
| | Sub-Totaal (2) | 200 | 6 | 97,1 | 178 | 17 | 91,3 |
| | GROOT TOTAAL | 595 | 16 | 97,4 | 534 | 56 | 90,5 |

die kursusse bied aan die hoof geleentheid tot selfondersoek en self-evaluering;

die kursusse is motiverend, stimulerend, insiggewend en leersaam; dit gee aan die hoof 'n maatstaf van die goeie hoof;

die kursusse bring hoofde met mekaar en met die hoogste amptenare van hulle owerheid in aanraking; dit bevorder algemene en besondere gesindhede en positiewe mensebetrekkinge;

dit is vir die hoof van onskatbare waarde om probleemsituasies in die skool met sy kollegas te bespreek.

die opleiding van die hoof kan net tot voordeel van die personeel en leerlinge by sy skool strek.(13)

Die algemene oordeel van die hoofde is van belang, veral as in aanmerking geneem word dat kursusse vir diensdoende hoofde reeds in die Transvaal en in Kaapland aangebied is.(14)

## 3. 'n Beknopte oorsig oor die opleiding van die hoof in enkele Westerse lande

### 3.1 Inleiding

Dit is 'n opvallende verskynsel dat leidende Westerse lande al meer aandag aan die beplande opleiding van die hoof begin gee. Die georganiseerde opleiding van leiers en bestuurders is egter nie 'n verskynsel wat in die onderwys self begin is nie. Die behoefte daaraan is gebore uit 'n "groeiende" gevoel van verset teen die outokratiese gesagshandhawing en dwingelandy wat as reste van die Industriële Rewolusie vroeg in hierdie eeu nog in die nywerheids- en sakewêreld bestaan het. Dit is dan ook die rede waarom die bestuurswetenskappe vandag bedryfsekonomies benader word.(15)

---

13. Vgl. T.O.D. Gekonsolideerde verslae van die Komitee vir kursusse van hoofde van skole, 1969, 1971, 1972. (Stukke van die reëlingskomitee).
14. Kyk ook pp. 105–106.
15. Vgl. Venter, J.J. Skool van bedryfsleiding, Unisa (onderhoud 21.3.72). Vgl. ook Spates, T.G. Human relations where people work, p.73.

Die Fransman Henri Fayol het in 1913 een van die eerste wetenskaplike werke van belang oor die opleiding van bedryfsleiers die lig laat sien.[16] Hy word as die vader van die funksionele benadering in bedryfsleiding beskou en het in sy boek enkele beginsels van bestuur neergelê wat tans nog as riglyne vir navorsers op dié gebied dien. Bedryfsadministrasie en Bestuursleiding is as dissiplines van die Bedryfsekonomie ontwikkel. By verskeie universiteite in die Westerse wêreld word vandag graad- en nagraadse kursusse in dié rigtings aangebied. Die bekendste hiervan in Suid-Afrika is waarskynlik die Skool vir Bedyrfsleiding van die Universiteit van Suid-Afrika. Privaat skole vir bedryfsbestuur bestaan ook in S.A. Daar is vandag weinig sakeondernemings in die land wat nie een of ander vorm van opleiding aan bestuurders en afdelingshoofde van hulle ondernemings voorsien nie. Bestuurskonsultasie het in Suid-Afrika selfs die terrein van die privaatskool betree.[17]

Die Nasionale Ontwikkeling- en Bestuurstigting is waarskynlik die grootste en bekendste liggaam in Suid-Afrika wat op nasionale vlak opereer. Dié liggaam het onlangs die alleenreg in Suid-Afrika verkry vir 'n nuwe opleidingsprogram "Creative thinking and brainstorming", wat deur Management Training Ltd. van Londen uitgegee word.[18]

Wetenskaplike navorsing in die opleiding van die skoolhoof en die implementering van opleidingsprogramme is eers sedert die Tweede Wêreldoorlog en dan veral gedurende die afgelope dekade in Westerse lande onderneem.

---

16. Vgl. Fayol, Henri. Administration industrielle et génerale, 1916. (Engelse vertaling: General and industrial management, 1949).
17. Vgl. Nuusberig. **Die Vaderland,** 34(10757), 14.10.71, 21 : kol. 6–7.
18. Vgl. Beriggewer. Opleiding vir bestuurders. Nuusberig. **Die Vaderland,** 34(10792), 28.12.71, 11 : kol. 1.

## 3.2 In Nederland

In Nederland het tot 1970 nog geen vorm van amptelike opleiding van die hoof bestaan nie. 'n Sterk gevoelde behoefte aan opleiding by sommige hoofde het egter daartoe gelei dat die Christelÿk Pedagogisch Studiecentrum reeds sedert jare af en toe 'n spesiale kursus vir hoofde reël. Die inhoud van dié kursusse omvat gewoonlik die volgende: Skoolleiding, gesprekstegniek, skoolorganisasie en moderne tegniek, dokumentasie, ens. 'n Kursus duur gewoonlik 6 tot 8 aande.(19)

In 1952 het die bg. studiesentrum reeds sy derde hoofdekonferensie te Windschoten gehou met "De taak van het hoofd ener zich vernieuwende school" as hooftema. Die simposiummetode is tydens die kursus toegepas. Die hooftema is in drie sub-temas onderverdeel wat deur drie verskillende referente behandel is wat van besondere belang is, is dat dié konferensie eerstens oor fundamentele sake gehandel het.(20)

Die Protestants-Christelÿke Bond van Onderwÿzend Personeel het ook 'n aparte afdeling vir hoofde, wat van tyd tot tyd hulle eie konferensies hou. Daarbenewens het die Algemene Nederlandse Onderwÿzers Federatie 'n pamflet oor die hoof en sy taak as handleiding vir hoofde deur 'n studiekomitee laat saamstel.(21)

In 1970 het die Nederlandse parlement wetgewing aanvaar, waardeur die amptelike opleiding van die hoof gewettig is. Dié wet vereis o.a. dat "een hoofd in het bezit moet zÿn van een verklaring, afgegeven door een daartoe door onze minister ingestelde commissie, dat hÿ **in die loop van een scholingstÿd** blÿk heeft gegeven van geschiktheid en bekwaamheid voor de funktie van hoofd."(22)

---

19. Wedzinga, J. Dir. C.P.S. Persoonlike korrespondensie. 20.8.1970.
20. Vgl. C.P.S. De taak van het hoofd ener zich vernieuwende school. Verslag, 1952.
21. Vgl. A.N.O.F. Taak van het hoofd van de school, pp.28.
22. Wedzinga, J. op. cit. (kursivering deur my).

## 3.3 In Australië

Ook in Australië het die ontwikkeling van formele opleidingsprogramme vir hoofde langsamerhand geskied. In vergelyking met dit wat m.b.t. die opleiding van die leier en bestuurder in die algemeen deur verskillende privaat en regeringsinstansies onderneem word, is die opleiding van die "Educational Administrator" relatief onontwikkel. Al die onderwysdepartemente het egter in mindere of meerdere mate opleidingsfasiliteite daargestel. Tot 1963 is jaarliks een algemene deeltydse kursus in onderwysadministrasie aangebied wat ongeveer drie maande geduur het. Die effektiwiteit van die kort kursusse wat deur die onderwysdepartemente aangebied is, word deur Cunningham en Radfield in twyfel getrek. Dié kursusse vind hoofsaaklik gedurende vakansies plaas en het die behandeling van onderwysadministrasie en leierskap as hoofinhoud. Deeltydse kursusse word ook jaarliks deur sommige onderwysowerhede aangebied. Die inhoud van dié kursusse omvat o.a. die volgende belangrike onderwerpe: die verantwoordelikheid van die hoof; die aard en omvang van onderwysadministrasie; leierskap; die vraagstuk kommunikasie; personeelleiding.(23) Pas aangestelde hoofde woon jaarliks die konferensie van die vereniging van skoolhoofde by. Dié hoofde moet ook die jaarlikse kursus in skooladministrasie vir drie dae in Junie bywoon.(24)

## 3.4 In Engeland

In Engeland het min geskrifte oor die opleiding van die hoof verskyn en het die owerhede ewe-eens weinig aandag aan dié vraagstuk gewy. Die belangrikste rede wat vir die toestand aangevoer word, is die hoë beraamde koste wat aan 'n amptelike stelsel van opleiding van hoofde verbonde sal wees. In Engeland val die klem in die algemeen op die keuring en opleiding van studente met talent vir die onderwys, eerder as op enige voortgesette opleiding in leierskap en bestuur. Taylor is van oordeel dat in Engeland selfs nog nie duidelike antwoorde op die vrae wat hoofde doen en wat hulle behoort te doen, gegee kan word nie. Hy voorsien egter dat in die sewentigerjare in toenemende mate aandag aan die aktuele vraagstuk

---

23. Vgl. Cunningham, K.S. and Radford, W.C. op. cit. pp.20–85.
24. Ibid. pp.27–28.

gegee sal word. Een van die voorstelle oor die opleiding van hoofde is van 'n onderwyskollege afkomstig. Daarin word aanbeveel dat spesiale kursusse van een kwartaal of 'n semester aan pas aangestelde hoofde aangebied moet word.[25]

Op grond van inligting wat E.J. Hutchins tussen die jare 1964 en 1966 van verskillende sekondêre skole in Engeland ingesamel het, het die Opvoedkundefakulteit van die Oxfordse Universiteit vanaf 13 Junie tot 18 Julie 1966 'n spesiale kursus vir hoofde van sekondêre skole aangebied. Soos dit in die oogmerke van dié kursus in die vooruitsig gestel is, is daarmee aan hoofde van sekondêre skole die geleentheid gebied om aktuele skoolvraagstukke binne 'n akademiese opset onder die oë te sien. Daar is nie alleen belangrike onderwerpe tydens die kursus behandel nie, maar verskeie moderne kursustegnieke is ook proefondervindelik toegepas.[26]

### 3.5 In Amerika

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het talle geskrifte oor die taak en opleiding van die hoof in Amerika die lig gesien. In dié staat is sekerlik ook meer gedoen en bereik m.b.t. die formele opleiding van die hoof as in al die ander Westerse lande saam. Dit is 'n opvallende verskynsel dat dit hoofsaaklik die gevestigde professionele verenigings vir hoofde is wat die afgelope twee dekades in samewerking met universiteite en opleidingskolleges verskeie navorsings- en opleidingsprojekte onderneem het. Daarbenewens het verskeie universiteite en opleidingskolleges afsonderlik en gesamentlik ook opleidingsprogramme ontwerp en toegepas.

Van die belangrikste projekte wat aangepak is, is o.a.:

*Die "Administrative Internship Project", wat in 1963 deur die N.A.S.S.P. geïnisieer is en deur skole, universiteite en die personeel van N.A.S.S.P. gesamentlik deurgevoer is. Dit is onder-

---

25. Taylor, W. Training the head. (In Allen, B. Headship in the 1970's. pp. 140–152).
26. Loc cit.

steun deur die "Fund for the advancement of Education" en die "Ford Foundation". Dit is 'n voordiensopleidingsprojek wat jaarliks herhaal word. Verskeie diensdoende hoofde is deur hierdie onderneming as hoofde van sekondêre skole voorberei.(27)

*Een van die deeglikste navorsingsprojekte t.o.v. die opleiding van die hoof van die primêre skool is in 1960 deur die "Educational Testing Service and Teachers College" van die Universiteit van Columbia onderneem.(28)

*Nog 'n belangrike navorsingsprojek in dié verband is in 1957 deur die Berea College en die University of Kentucky geloods met die doel om die opleiding van hoofde by, voor en na aanvaarding van hulle hoofskappe te ondersoek. Die waarde van dié ondersoek het sonder twyfel daarin gelê dat drie verskillende groepe hoofde in opeenvolgende twee-jarige opleidingskursusse in die projek betrek is.(29)

*Die Universiteit van Texas het die School Principalship Project na verskeie jare van navorsing en ervaring ontwerp.(30)

*Volgens die "Pasadena Programme" neem aspirant-hoofde onder toesig en leiding van spesiaal daartoe aangewese persone waar as hoofde by skole waar die hoofde afwesig is. Hulle neem ook aan 'n verskeidenheid konferensies oor leierskap en skooladministrasie deel, terwyl hulle elk een maand lank by hulle onderwysdepartement komitee- en administratiewe werk moet verrig.(31)

---

27. Trump, J.L. and Karasik, L.S. The present is prologue, pp. 18–35. (Vgl. ook N.A.S.S.P. The administrative internship in secondary school improvement, 1970).
28. Cunningham, K.S. and Radford, W.C. op. cit., pp.128 v, appendix 5.
29. Buro of School Service, Univ. of Kentucky. Program of experimentation in preparing educational supervisions, pp.12–139.
30. Vgl. McIntyre, K.E. Selection and on the job training of school principals, pp. 35–39.
31. Loc cit.

Die klem val in die inhoud van dié opleidingsprogramme prominent op veral drie aangeleenthede: menseverhoudinge, skooladministrasie en die verbetering van die onderrig in die skool. Al drie hierdie aangeleenthede word gewoonlik geïntegreerd met verskillende belangrike aspekte van leierskap behandel. 'n Groot verskeidenheid metodes en tegnieke is deur die verskillende projek-instansies self ontwerp of geleen en toegepas. Die verskillende projekte en opleidingsprogramme bestryk ook gesamentlik die hele terrein van die opleiding van die hoof: daar is die voordiensopleidingsprogramme, opleiding van pas aangestelde hoofde voordat hulle diens aanvaar en indiensopleidingsprogramme.[32] Dié programme het 'n kenmerkend pragmatiese inslag.

In Amerika het die opleiding van die hoof reeds 'n vanselfsprekende integrale deel van hoofskap geword.[33]

3.6 In Suid-Afrika

In die R.S.A. het twee provinsiale onderwysowerhede, t.w. dié van Transvaal en Kaapland, ook reeds 'n begin gemaak met die beplande opleiding van hoofde. Die Transvaalse Onderwysdepartement het daarin die voortou geneem en reeds 'n redelik vaste patroon m.b.t. die reëling van kursusse vir hoofde daargestel. In 1968 is in dié provinsie 'n vaste komitee vir die reëling van kursusse vir hoofde van primêre skole in die lewe geroep. In 1970 is dié komitee uitgebrei om ook die reëlings van kursusse vir die hoofde van sekondêre skole te behartig. Die komitee bestaan tans (1972) uit twee senior amptenare van die hoofkantoor, drie hoofde van primêre skole en drie hoofde van sekondêre skole.[34]

---

32. Vgl. Trump, J.L. and Georgiades, W. Doing better with what you have, N.A.S.S.P. Model schools project. pp. 106–133.
33. Vgl. Spears, H. op. cit. p.478.
34. Vgl. T.O.D. Benoemingsbrief T.O.A. 10–11–25–3–35. ged. 19.5.70.

Sedert 1967 is in Transvaal reeds die volgende hoofdekursusse gereël:

1967: 'n Drie-daagse kursus vir al die hoofde van sekondêre skole. (L.W. Nie deur die komitee gereël nie).

1969: 'n Vier-daagse kursus vir al die hoofde van PIII- tot PI-skole en 'n twee-daagse kursus vir al die hoofde van PIV-skole.

1971: 'n Drie-daagse kursus vir beginnerhoofde van primêre skole. 'n Vier-daagse kursus vir die hoofde van sekondêre skole.

1972: 'n Een-daagse kursus (oor gedifferensieerde onderwys), op 'n streekbasis aangebied vir al die hoofde van primêre en spesiale skole.

'n Twee-daagse kursus oor gedifferensieerde onderwys te Pretoria aangebied vir al die hoofde van sekondêre skole.

'n Drie-daagse kursus te Pretoria vir al die beginnerhoofde van primêre skole.(35)

Die volgende is van die belangrikste kenmerke van die kursusse wat in Transvaal aangebied is:

(1) Die algemene kursusse wat oor aspekte van die hoof se taak gehandel het, het gemiddeld drie dae geduur.

(2) Die algemene kursusse is almal te Pretoria aangebied.

(3) Die hoofde van Afrikaanse sowel as dié van Engelse skole is in dieselfde kursusse betrek; daar is van beide tale gebruik gemaak.

---

35. Vgl. T.O.D. Stukke van die komitee vir kursusse vir hoofde van skole.

(4) Ontmoetings tussen hoë amptenare van die onderwysdepartement en die hoofde is tydens elke kursus gereël.

(5) Sommige senior amptenare én enkele hoofde van skole het as referente opgetree.

(6) Die meeste referate is opgevolg met groepbesprekings o.l.v. hoofde, wat vooraf daarvoor opgelei is. Die groepe het die geleentheid gekry om by monde van hulle groepleiers verslae te lewer, vrae te stel en aanbevelings te doen. Die verslae van groepleiers is na elke kursus deur die komitee in 'n gekonsolideerde verslag aan die Direkteur van Onderwys voorgelê.

(7) Die Direkteur van Onderwys het by elke algemene kursus 'n kragtige openingsrede gelewer. Dit het die grondslag van elke kursus in roepingsperspektief gelê en die koers daarvan aangedui.

(8) Nie al die referate is vanuit dieselfde visie behandel en bespreek nie. Sommige referate het 'n neutraliteitsgees geadem wat sterk herinner aan die pragmatiese benadering in die opleiding van die hoof in Amerika.(36)

(9) Die inhoud van die algemene kursusse is veral gekenmerk deur die behandeling en bespreking van professionele leierskap, die evaluering en indiensopleiding van personeel, praktiese onderwys, die oorbelading van personeel, die behoud van personeel en administratiewe aangeleenthede. 'n Deel van die inhoud van die kursus vir hoofde van sekondêre skole in 1971 is aan die behandeling van jeugweerbaarheid gewy, terwyl die kursusse van 1969 vir die hoofde van primêre skole ook aandag aan die ouer in die onderwys en aan die plaasskool gegee het.

(10) Skriflesing en gebed het net op die eerste dag plaasgevind.(37)

---

36. Vgl. ook pp. 21–23; 214.
37. Vgl. die programme, referate en verslae van en oor die kursusse. (T.O.D. Stukke van die komitee vir kursusse vir hoofde van skole).

In Kaapland is gedurende 1971 'n enkele vierdaagse kursus vir die hoofde van primêre en sekondêre skole saam op 12 verskillende sentra in dié provinsie gereël. Die hoofde van skole vir beide taalgroepe is by dieselfde kursusse betrek. Basies dieselfde programme is deur die onderwysowerheid vir die 12 kursusse opgestel. Die referate is ook deur die Kaaplandse Onderwysdepartement opgestel en aan kursusgangers voorsien. Daartoe aangewese inspekteurs van onderwys het as sameroepers van die kursusse opgetree, terwyl al die hoofde en ook al die inspekteurs verplig was om die kursusse by te woon. Soos in 'n groot mate die geval tot dusver in Transvaal was, het die klem in die inhoud van die kursusse in Kaapland ook sterk op die professionele en die saaklik-tegniese onderrigaangeleenthede van die hoof se taak geval. 'n Opening met Skriflesing en gebed het hier ook net op die eerste dag van elke kursus plaasgevind. Enkele skoolhoofde is gevra om sekere uitgewerkte referate voor te dra. Hulle is egter versoek om hulle voor te berei om rigting aan die besprekings te gee en om vrae te beantwoord. By elke kursus het vier hoofde die geleentheid gekry om elkeen 'n beste wenk aan die hand te doen.(38)

## 4. Vraagstukke m.b.t. die opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool

### 4.1 Belangrike beginsels wat vir opleidingsprogramme behoort te geld

In die voorgaande uiteensettings lê dit implisiet vervat dat daar bepaalde algemene beginsels is wat alle opleidingskursusse ten grondslag lê. 'n Opleidingsprogram vir die hoof van die Afrikaanse skool sal in die lig van die roepingsbeginsel naas die algemene beginsels ook kenmerkende fundamentele beginsels as grondslag hê. Dit is daarom nodig dat enkele van dié beginsels hier aangestip word.

*Die opleidingsprogram vir die hoofde van Afrikaanse skole behoort eerstens gekenmerk te word deur die fundamentele begronding van

---

38. Vgl. K.O.D. Omsendbriewe nrs. 38 van April 1971 en 66 van Junie 1971.

alle kursusteorie en -praktyk in die beginsels van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Dit moet tegelyk die grondslag, die perspektief, die gees en die stukrag van die kursus vorm. Dit vereis dat kursusleiers dié beskouing huldig en ter selfder tyd deeglik onderlê is in die Christelike opvoedkunde en onderwys, terwyl 'n studie in die Christelike wysbegeerte, antropologie en etiek vir hulle 'n sterk aanbeveling behoort te wees. So 'n program vereis dan ook dat elke referaat, elke metode en tegniek, elke handeling en verhouding vanuit dieselfde eenheidsperspektief benader, gestel, bespreek en toegepas sal word. Dié beskouing is meer as net 'n gesindheid; dit is 'n oortuiging wat beleef en geleef moet word.[39]

*Kursusse moet daarom die teorie en die praktyk van hoofskap bestryk. Dit moet normatief en prakties van aard wees. Die praktiese veronderstel ook die gebruik en die toepassing van empiriese gegewens.[40]

*Mensebetrekkinge is by elke kursus en elke faset daarvan van die grootste belang: die behandeling én beoefening daarvan vanuit die drie-dimensionele perspektief wat in hoofstuk II beskryf is. Mensebetrekkinge is van fundamentele belang, maar mag nie verabsoluteer word nie.

*Hoofskap beteken in 'n sekere sin die gereedheid van die hoof om veranderinge en vernuwinge in die skool die hoof te bied, te aanvaar en perspektiwies te deurskou en te beheers.

*Die skoollewe is nou verbind met die werklike lewe in die gemeenskap. Die opleidingsprogram moet ook voorsiening maak daarvoor dat die hoof die gees van sy tyd beter sal begryp en dieper insig in die opvoedkundige implikasies van fluktuerende sekondêre invloede op die skool sal verkry.[41]

---

39, Kyk pp. 43; 216–217; 248–250; 252, 254.
40. Vgl. ook McIntyre, K.E. op. cit., p.62.
Taylor, W. op. cit. pp. 143–145.
41. Vgl. Taylor, W. op. cit. p.150.
Vgl. ook Spates, T.G. op. cit. pp.64–67.

*Opleidingsprogramme moet doelgerig en ter sake wees. Die hoofde moet weet wat die oogmerke met elke kursus en elke onderafdeling daarvan is, voordat die program te ver gevorder het.

*Opleidingsprogramme moet 'n verskeidenheid aktuele onderwerpe en aktiwiteite insluit. Dit moet egter 'n eenheid vorm. Die goeie program bied geleentheid vir die geïntegreerde behandeling van feite en idees, maar skakel oorvleueling uit.

*Die metodes en tegnieke wat vir die toepassing van die program gekies word, moet daartoe bydra dat die onmiddellike oogmerke vinnig, maar geslaagd bereik sal word. Dit moet egter vir die opleidingsprogram van die hoof van die Afrikaanse skool ook lewensbeskoulik verantwoordbaar wees.(42)

*Die opleidingsprogram moet rekening hou met die reële skoollewe. Die hoofde moet in elke kursus met die praktiese situasies in die skool gekonfronteer word.

*By elke kursus moet teen saaiheid, eenvormigheid en verveling gewaak word. Dit word deur die meerderheidskeuse van die hoofde wat vrae 12.2 en 12.3 van die vraelys beantwoord het, bevestig: 56% van dié hoofde verkies dat 'n opvolgingskursus vir diensdoende hoofde 'n ander vorm moet aanneem én 'n ander inhoud moet hê. 'n Verdere 32% van dié hoofde gee nie om dat die vorm van die kursus dieselfde bly nie, maar verkies 'n ander inhoud. Die inhoud en vorm van die opleidingsprogram hou dus verband met die soort kursus. Dit sal ook verband hou met die soort skool waaraan die hoofde verbonde is en met die mate van ervaring wat die hoof as hoof opgedoen het.(43)

*Die hoofde van Afrikaanse sekondêre en primêre skole mag daarom 'n algemene, meer teoretiese kursus oor hoofskap saam bywoon. 'n Kursus wat oor gemeenskaplike saaklik-tegniese aangeleenthede

42. Vgl. Pharis, W.L. op. cit., p.18.
43. Vgl. ook McIntyre, K.E. op. cit. pp. 62–64.

handel, mag ook vir hulle gemeenskaplik gereël word. Kursusse wat egter die behandeling van besondere aspekte van elkeen se eie taakverband voor hoë het, behoort vir dié hoofde apart aangebied te word.

*Met die oog op die wesensverskille wat tussen die Afrikaanse en die Engelse skole bestaan, behoort die opleiding van die hoofde van dié skole nie saam te geskied nie, veral nie waar dit om suiwer fundamentele sake gaan nie. Gemeenskaplike konferensies behoort egter van tyd tot tyd vir die hoofde van dié skole met die oog op die bevordering van hulle ekumeniese roeping gereël te word.(44)

*Elke opleidingsprogram behoort ook in 'n ruime mate met die persoonlike omstandighede, behoeftes, probleme en moontlikhede van die hoofde rekening te hou. Dié vereiste bring ook verskeie ander aspekte wat opleidingsprogramme raak, soos bv. die tyd, afstand, kursussentrum en duur van die kursus ter sprake.

*Die noodsaaklikheid van die ontwerp en toepassing van eenheidsopleiding vir die hoofde van al die Afrikaanse skole in die R.S.A. behoef geen verdere betoog nie.

*Die opleidingsprogram van die hoof moet 'n kenmerkende karakter dra wat dit verskillend maak van die opleiding van onderwysers in ander poste; dit moet 'n besondere status hê.(45)

### 4.2 Wie opgelei moet word

Aan die begin van die hoofstuk is bepaal dat die opleiding van die hoof in breëre sin sy voordiensopleiding én sy indiensopleiding insluit. By dié twee soorte opleiding kan verskillende persone op verskillende stadia van hulle vordering in die onderwys betrek word.

---

44. Kyk pp. 39–41, 43.
45. Vgl. T.O.D. Beleidstukke van die komitee vir kursusse vir hoofde van skole.
Vgl. ook Taylor, W. op. cit., p.143.

### 4.2.1 Die opleiding van potensiële hoofde

Die formele voordiensopleiding van die hoof veronderstel die keuring van bepaalde onderwysers wat oor die potensiaal beskik om hoofde te word. Die vraagstuk word verdiep deur die feit dat alle onderwysers nie vir hoofskap geskik is nie en dat 'n potensiële hoof moontlik ook nie vir alle hoofskappe geskik mag wees nie: "......... although training should always improve the efficiency of the individual it cannot make a good administrator of one not suited for such work."[46] Elke werknemer het 'n bepaalde "plafon" in die beroep wat hy beoefen. Voordat potensiële hoofde daarom formeel vir hoofskap voorberei kan word, sal die "plafonne" van bevorderbare onderwysers op wetenskaplike wyse vasgestel moet word. Dit is 'n unieke vraagstuk wat in Suid-Afrika nog nie deur opvoedkundiges deeglik ondersoek is nie.[47]

In teorie behoort die opleiding van potensiële hoofde groot voordele vir die onderwys in die algemeen in te hou. Die opgeleide potensiële hoof van die Afrikaanse skool behoort sy taakterrein met helderder visie en met groter vertroue en doelmatigheid te betree as dié een wat nie opgelei is nie. Die belangrikste vraagstuk in dié verband is egter dié van "vraag- en -aanbod". Die potensiële hoof wat formeel vir hoofskap opgelei is, behoort spoedig daarna as hoof aangestel te word. Die nadelige implikasies van die teendeel, vir sowel die potensiële hoof as die onderwys, is voor die hand liggend.

Die meerderheid van die 550 hoofde van Afrikaanse skole wat vraag 14.3 van die vraelys benatwoord het, beskou die opleiding van potensiële hoofde as baie belangrik. Dié vorm van opleiding is daarom 'n vraagstuk wat grondig ondersoek behoort te word.[48]

---

46. C.E.S.A.A. The characteristics of the good elementary school. p.38.
47. Kyk ook p. 173.
48. Vgl. ook McIntyre, K.E. op. cit. pp.26–34.

### 4.2.2 Die opleiding van adjunk- en vise-hoofde(49)

In die lig van die voorgaande paragraaf kan sommige adjunk- en vise-hoofde in formele programme vir die opleiding van potensiële hoofde betrek word. In die afwesigheid van sodanige programme in Suid-Afrika kan adjunk- en vise-hoofde slegs informeel vir die hoofskap opgelei word. Die geskikste persoon om dié opleiding waar te neem, is die hoof self. In die informele opleiding van die adjunk- en vise-hoof moet onderskeid gemaak word tussen:

die indiensopleiding van die adjunk- en vise-hoof om die taak waarvoor hulle by die skool aangestel is beter te verrig;

die indiensopleiding van die adjunk- en vise-hoof as potensiële hoofde.

Die eise wat beide dié soorte opleiding aan die hoof stel, beklemtoon die noodsaaklikheid van die formele indiensopleiding van die hoof self. Die opleiding van adjunk- en vise-hoofde en dié van die diensdoende hoof behoort egter nie saam in dieselfde kursus te geskied nie.

### 4.2.3 Die opleiding van waarnemende hoofde

Op die vraag of waarnemende hoofde, wat ten tye van 'n kursus vir diensdoende hoofde waarneem, toegelaat moet word om sodanige kursus by te woon, het 84,9% van die hoofde wat vraag 13 van die vraelys beantwoord het, bevestigend geantwoord. Wanneer 'n onderwyser waarneem as hoof, verrig hy vir 'n bepaalde tyd die taak van die hoof. Hy is egter nog nie die hoof van die skool nie, daarom moet die gesamentlike opleiding van die waarnemende en die permanente hoofde versigtig benader word.

---

49. Vgl. T.O.D. Ontwikkeling van personeel. pp.1–7.
Botha, J.P.J. Indiensopleiding van personeel met spesiale verwysing na adjunk-hoofde, vise-hoofde en senior assistente.
(T.O.D. Stukke van die komitee vir die reëling van hoofdekursusse).

Die volgende onderskeidinge moet allereers getref word:

eerstens moet onderskeid gemaak word tussen twee soorte waarnemende hoofde: diegene wat in vakante hoofposte waarneem en diegene wat in die afwesigheid van hulle hoofde waarneem.

tweedens moet onderskeid getref word tussen die doel en aard van die kursusse vir hoofde.

Voordat waarnemende hoofde saam met permanente hoofde in dieselfde kursus, wat oor die teorie en praktyk van hoofskap handel, betrek word, moet dit in die lig van die volgende stellings verantwoord word:

* Om as hoof waar te neem, is nog geen bewys van 'n persoon se vermoë om hoofskap selfstandig en suksesvol te beoefen nie. Veral die tweede soort waarnemende hoof wat hierbo genoem is, maak in die reël van die "patroon" en beleid van sy permanente hoof gebruik. Dit is 'n ervaringsfeit dat die beplanning, beleidsformuleringe en verskeie reëlings by die skool reeds deur die permanente hoof getref word, voordat hy vir 'n tydperk van sy skool afwesig sal wees.

* Diegene wat waarneem as hoofde het elkeen ook 'n sogenaamde "plafon" in die professie. 'n Waarnemende hoof mag nie deur 'n kursus onder die wanindruk gebring word dat hy die gelyke of meerdere van die permanente hoof is nie en dat hy op 'n hoofpos kan aanspraak maak nie.

* Die permanente hoof behoort die hoogste onmiddellike professionele gesag by sy skool te bly, selfs in sy afwesigheid. Sy beeld as professionele leier mag nie in sy afwesigheid benadeel word nie, in watter opsig ookal. 'n Skool kan nie twee hoofde hê nie.

* Die geleentheid om as hoof waar te neem, kan vir 'n onderwyser belangrike indiensopleiding, indiensontwikkeling en voordiensopleiding tot hoofskap wees. Sy permanente hoof en die inspekteur van onderwys moet daarin nog die belangrikste leiding neem.

Daar behoort geen noemenswaardige probleme te ontstaan wanneer 'n waarnemende hoof saam met permanente hoofde in 'n kursus betrek word wat bedoel is om hoofde t.o.v. 'n enkele aspek van hulle taak in te lig of op te lei nie. Sodanige kursusse moet kort wees.

### 4.2.4 Die opleiding van die beginnerhoof[50]

Die beplande opleiding van die beginnerhoof is waarskynlik in ons tyd die aktueelste vorm van opleiding van die hoof.[51] In die afwesigheid van 'n opleidingsprogram vir potensiële hoofde veronderstel dit die basiese formele opleiding van die hoof. Die vraag i.v.m. die opleiding is of dit moet geskied net voordat die beginnerhoof sy eerste hoofskap aanvaar óf nadat hy dit reeds aanvaar het. In hierdie verband staan die beginsel dat "voorkoming beter is as genesing" teenoor die sgn. "probeer-fouteer-benadering". Die lg. in die sin dat die hoof doelbewus eers toegelaat word om te fouteer voordat dit reggestel word, is vir die Christen nie aanvaarbaar nie. Die roepingsbeginsel vereis dat die mens hom nie alleen deeglik sal voorberei vir sy taak nie, maar dat hy ook steeds in sy beroep sal verbeter. Dit is daarom noodsaaklik dat die beginnerhoof vooraf deeglik voorberei sal word vir sy taak én dat dié voorbereiding nadat hy sy eerste hoofskap aanvaar het, voortgesit sal word. Die voorbereiding moet formeel sowel as informeel geskied. Die eerste indiensopleiding van die beginnerhoof sal deur formele kursusse en deur beplande indiensontwikkeling moet plaasvind.

Besondere vraagstukke wat m.b.t. die opleiding van die beginnerhoof van die Afrikaanse skool vooraf ondersoek en opgeklaar sal moet word, is o.a.:

- die daarstelling van voldoende finansies om die formele opleiding van die beginnerhoof te realiseer;

---

50. Vgl. ook Taylor, W. op. cit. p.150.
    N.E.A. Remaking the world of the career teacher, p.79.
51. Hansford, B.W. Guide book for school principals. pp.5–9.

die daarstelling van koördinerende reëlings in dié verband tussen die vier provinsiale owerhede wat daarop sal neerkom dat eenvormigheid in die opleidingsprogramme én die tye waarop beginnerhoofde hulle eerste hoofskappe aanvaar, bewerkstellig sal word;

die bepaling van die duur van die opleiding van beginnerhoofde.(52)

Wanneer daar in Suid-Afrika so ver gevorder is dat potensiële hoofde wetenskaplik vir hoofskap gekeur en opgelei kan word, sal dit die voorbereiding van die beginnerhoof vervang. Die eerste indiensopleiding van die beginnerhoof moet in die reël apart van die opleiding van die ervare hoof geskied.

4.2.5 Die opleiding van die ervare diensdoende hoof

Die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole gevoel 'n behoefte aan die opleiding van die diensdoende hoof. Die eis dat hoofde voortdurend gereed sal wees om die uitdagings van 'n veranderende lewe ook in die skoolwêreld die hoof te bied en die eis dat hulle steeds in hulle professie sal verbeter, veronderstel dat die diensdoende hoofde opleiding van tweërlei aard sal ontvang:

deur middel van formele kursusse wat periodiek aangebied moet word;

deur beplande indiensontwikkeling, wat 'n kontinue onderneming veronderstel.

Sommige van die vraagstukke wat vir die opleiding van die beginnerhoofde geld, is ook op die opleiding van diensdoende hoofde van toepassing. Daarby moet o.a. ook die volgende betreffende die opleiding van lg. gevoeg word:

---

52. Kyk p. 310–315.

beslissing oor die tydperk van die jaar wat kursusse van dié aard moet plaasvind;

beslissing oor die tydsverloop tussen die kursusse;

wie die kursusse moet aanbied;

waar dit aangebied moet word;

die ontwerp van evalueringsvorme om die waarde van bepaalde kursusse én die vordering wat die hoofde maak te bepaal.(53)

Die twee persone wat onder die huidige omstandighede in Suid-Afrika volgens formele programme opgelei moet word, is die beginnerhoof en die diensdoende hoof.

4.3 Wie die opleiding moet aanbied

Die hoofde van primêre en sekondêre skole is in diens van die provinsiale onderwysowerhede. Dié owerhede is daarom die aangewese liggame om die beheer oor die opleiding van hoofde uit te oefen en die organisasie daarvan te behartig.

Daar behoort in elke provinsie, soos in die geval van Transvaal, kursuskomitees saamgestel te word wat ook die koördinering van opleidingsprogramme vir hoofde in die vier provinsies moet bewerkstellig.(53)

In die lig van die huidige bedeling m.b.t. onderwysersopleiding in Suid-Afrika, behoort 'n verteenwoordiger van die opvoedkundefakulteite van die universiteite sowel as een departementshoof van opvoedkunde as verteenwoordiger van die onderwyskolleges op elkeen van die provinsiale kursuskomitees vir hoofde ingesluit te word. Sodanige reëling sal verseker dat die opleiding van die hoofde van primêre en van sekondêre skole respektiewelik in noue samewerking met die onderwyskolleges en die universiteite sal geskied.

---

53. Vgl. o.a. T.O.D. Die vraelys. (Stukke van die komitee vir kursusse vir hoofde van skole).

Benewens die voorgaande vereistes sal die onderwysowerhede en die kursuskomitees hulle moet vergewis dat alleen bekwame, ervare en daartoe opgeleide professionele persone as leierhoofde en referente by kursusse betrek sal word.[54]

In die toekoms behoort ook op groter skaal van inspekteurs van onderwys by die formele en informele opleiding van hoofde gebruik gemaak te word.[55] Die kringsinspekteurs kan binne die raamwerk van die komprehensiewe eenhede vir dié doel gebruik word. Hulle moet, indien nodig, opgelei word om hulle taak in dié verband op eenvormige basis in samewerking met die komitees te behartig.

## 4.4 Waar die opleiding aangebied moet word

In die lig van die onmiddellik voorgaande uiteensetting sal die formele opleidingskursusse vir hoofde van sekondêre skole by 'n universiteit moet geskied, terwyl dié van die hoofde van primêre skole vir die huidige by 'n onderwyskollege sal moet plaasvind.

Die afstande wat hoofde in die uitgestrekte provinsies na 'n kursussentrum moet aflê en die gepaardgaande verhoging van kostes en verlies aan tyd, sal in Suid-Afrika steeds praktiese probleme skep. Die moontlike voordeel van die desentralisering van kursusse moet daarom ondersoek word. Dit is veral die gemeenskaplike kursusse vir hoofde van primêre en sekondêre skole wat waarskynlik doeltreffender op 'n streekbasis georganiseer sal kan word.

By die bepaling van die plek waar 'n kursus aangebied moet word, sal die tydperk van die jaar én die aard van die kursus ook in aanmerking geneem moet word.

---

54. Ibid, p. 85.
    Vgl. ook McIntyre, K.E. op. cit. p.59.
55. Kyk tabelle 20 en 21 op pp. 270, 292.

## 4.5 Die tydsfaktor

In die organisasie van elke formele opleidingsprogram vir hoofde moet ook oorweging aan drie belangrike onderliggende tydsfaktore geskenk word, nl.

> die tyd van die jaar wat die kursus moet plaasvind,
> die duur van die kursus, en
> wanneer sodanige kursus herhaal moet word.(56)

Wanneer die eerste van dié faktore oorweeg word, sal die tweede ook in aanmerking geneem moet word, asook die aard van die kursus en die beskikbaarheid van 'n kursussentrum. Die duur van 'n opleidingsprogram sal hoofsaaklik deur die oogmerke en die vorm van die program beïnvloed word, terwyl die mate van opleiding wat die kursusgangers reeds ontvang het ook daarin 'n rol behoort te speel.

Op die vraag van die Transvaalse kursuskomitee aan die einde van elke algemene hoofdekursus het die meerderheid hoofde geantwoord dat die kursus elke derde jaar herhaal behoort te word. Die algemene kursusse behoort die professionele opfrissing van al die diensdoende hoofde voor oë te hê. Dit moet van die tussentydse kursusse, wat die oriëntering van die hoofde t.o.v. 'n enkele aspek van die vernuwingsprogram in die onderwys beoog, onderskei word. Die wyse stelling van K.S. Cunningham moet hier in gedagte gehou word:

> ".... no single course or experience can satisfy the needs of the administrator at all stages of his career."(57)

Ten einde die tydperk wat hoofde tydens kursusse van hulle skole afwesig is tot 'n minimum te beperk, behoort die algemene formele kursusse vir diensdoende hoofde in vakansies plaas te vind. Daar moet egter in ge-

---

56. Vgl. McIntyre, K.E. op. cit. pp.27–28.
57. Cunningham, K.S. and Radford, W.C. op. cit. p.36.

**TABEL 21:** Vorme van opleiding: gemiddelde orde-voorkeur van die hoofde.

| | | Hoofde van primêre skole | Hoofde van sekondêre skole | Tot. gem. ordevoorkeur | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14.1 | Lesings in die vorm van inligtingstukke by die aanvaarding van 'n eerste hoofskap. | 1 | 1 | 1 | 14.1 |
| 14.2 | Periodieke kursusse in bestuur, leierskap, organisasie, administrasie, ens. vir hoofde in diens. | 2 | 2 | 2 | 14.2 |
| 14.3 | Periodieke kursusse in bestuur, ens. vir potensiële hoofde. | 4 | 4 | 4 | 14.3 |
| 14.4 | 'n Voltydse kursus vir een volle kwartaal voor aanvaarding van 'n eerste hoofskap. | 7 | 8 | 8 | 14.4 |
| 14.5 | 'n Voltydse kursus vir twee volle kwartale voor aanvaarding van 'n eerste hoofskap. | 10 | 10 | 10 | 14.5 |
| 14.6 | 'n Deeltydse kursus vir een kwartaal voor of net na aanvaarding van 'n eerste hoofskap. | 8 | 7 | 7 | 14.6 |
| 14.7 | 'n Deeltydse kursus van twee kwartale voor of net na aanvaarding van 'n eerste hoofskap. | 9 | 9 | 9 | 14.7 |
| 14.8 | Streekkursusse in bestuur, ens. vir pasaangestelde hoofde o.l.v. die Inspekteur van Onderwys bygestaan deur ervare hoofde. | 3 | 3 | 3 | 14.8 |
| 14.9 | Besoeke vir opeenvolgende weke of dae aan skole met ervare hoofde aangewys en gereël deur die Inspekteur van Onderwys. | 6 | 6 | 6 | 14.9 |
| 14.10 | In-diens-opleiding van die pasaangestelde hoof onder leiding van die Inspekteur van Onderwys vir 'n tydperk soos hy mag bepaal. | 5 | 5 | 5 | 14.10 |

**TABEL 22:** Vorme van opleiding: Getal toekennings wat elke vorm ooreenkomstig die vierpuntskaal ontvang het.

| VRAAG | Getal tellings | | | | TOTALE GETAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Positief | | negatief | | | |
| | 1 noodsaaklik | 2 belangrik | 3 min belang | 4 onbelangrik | POSITIEF | NEGATIEF |
| 14.1 | 354 | 141 | 37 | 18 | 495 | 55 |
| 14.2 | 255 | 249 | 28 | 18 | 504 | 46 |
| 14.3 | 115 | 220 | 113 | 102 | 235 | 215 |
| 14.4 | 82 | 113 | 136 | 219 | 195 | 255 |
| 14.5 | 9 | 26 | 98 | 417 | 35 | 515 |
| 14.6 | 69 | 151 | 111 | 219 | 220 | 330 |
| 14.7 | 13 | 50 | 128 | 359 | 63 | 487 |
| 14.8 | 215 | 216 | 50 | 69 | 431 | 119 |
| 14.9 | 88 | 178 | 121 | 163 | 266 | 284 |
| 14.10 | 109 | 197 | 111 | 133 | 306 | 244 |

dagte gehou word dat hoofskap 'n veeleisende betrekking is en dat ook die hoofde 'n geestelike terapie deur rus na afloop van 'n kwartaal se arbeid nodig het. Kursusse vir hoofde behoort daarom vir die laaste deel van 'n lang vakansie gereël te word. Onder die huidige bedeling is die somervakansie gewoonlik die langste. Dit is egter algemene gebruik dat die diensdoende hoofde jaarliks een of twee weke voor aanvang van die skooljaar met beplanning en voorbereidings begin. Die geskikste vakansie vir hoofdekursusse is tans dus die wintervakansie. Aangesien die algemene professionele opfrissing van die hoofde dan nagenoeg elke drie jaar moet geskied, kan die laaste deel van die Aprilvakansie ook as kursustyd oorweeg word. 'n Driekwartaal-skooljaar met drie vakansies van ongeveer een maand elk, behoort twee geskikte kursustydperke per jaar te bied.

## 4.6 Die opleidingsprogram

### 4.6.1 Die vorme wat die program kan aanneem

Die basiese vorm wat 'n opleidingsprogram moet aanneem, sal ook deur verskillende faktore beïnvloed en bepaal word, soos bv. die volgende:

- Die mate van ervaring wat die hoof reeds opgedoen het. Daar sal dus ook duidelik tussen die vorm van opleiding van die beginnerhoof en die van die diensdoende hoof onderskei kan word.
- Die beskikbare finansies. Sommige vorme van opleiding sal duurder as ander wees.
- Die faktore van tyd, lokaliteit en afstand.

Dit is ook duidelik dat verskillende basiese vorme in een program gebruik kan word.

In die vraelys wat aan hoofde van Afrikaanse skole gestuur is, is ook gevra (vraag 14) dat dié hoofde hulle oordeel oor die belangrikheid van tien moontlike basiese vorme van opleiding volgens 'n vierpuntskaal moes uitdruk. Die 10 vorme wat in vraag 14 genoem is, kan in die volgende drie groepe verdeel word:

**dié vorme wat bedoel is vir die opleiding van die beginnerhoofde** (vgl. nrs. 14.1; 14.2; 14.4; 14.5; 14.6; 14.7; 14.8; 14.9; 14.10);

**dié vorme wat bedoel is vir die opleiding van die diensdoende hoofde** (vgl. nrs. 14.2 en 14.9);

**dié vorm wat bedoel is vir die opleiding van potensiële hoofde** (vgl. nr. 14.3).

Volgens dié onderskeiding is nrs. 14.2 en 14.9 van toepassing op die opleiding van beide die beginner- en die ervare diensdoende hoofde.

Tabel 21 toon die gemiddelde voorkeurorde wat die hoofde van primêre en sekondêre skole afsonderlik en gesamentlik aan die 10 vorme van opleiding geheg het. Daarvolgens word vorme 1, 2, 8, 3 en 10 in volgorde deur dié hoofde afsonderlik en gesamentlik as die vyf belangrikstes van die gegewe vorme beskou. 'n Duidelike beeld van die oordeel van 550 hoofde oor hierdie vorme word egter eers verkry wanneer die toekennings wat elke vorm ooreenkomstig die vierpuntskaal ontvang het, in oënskou geneem word.

Volgens die gegewens in tabel 22 beskou 'n oorweldigende meerderheid hoofde periodieke kursusse vir diensdoende hoofde as belangrik en noodsaaklik. Dit het ook op beginnerhoofde betrekking, maar dan wanneer hulle reeds diens as hoofde aanvaar het. Hierdie vorm dui op 'n opleidingsprogram wat in een kursus vir 'n bepaalde groep hoofde afgehandel word en later weer vir dieselfde groep hoofde met 'n ander inhoud herhaal kan word.

'n Klein meerderheid hoofde beskou periodieke kursusse vir potensiële hoofde ook as belangrik en noodsaaklik. Daarenteen, beskou 'n klein meerderheid hoofde die besoeke van hoofde aan skole met ervare hoofde as 'n vorm van opleiding wat nie belangrik is nie.

Van die vorme van opleiding wat uitsluitlik op beginnerhoofde betrekking het, word net nommers 1, 8 en 10 deur die meerderheid hoofde as belangrik en noodsaaklik beskou. Vorme nr. 1 en 8 word tewens deur die oorgrote meerderheid hoofde verkies.

**Samevattend kan die volgende afleidings en stellings oor die oordeel van die hoofde oor die gegewe vorme van opleiding gewaag word:**

(1) Inligtingstukke sal vir beginnerhoofde van groot waarde wees. Die amptelike beleidstukke en regulasies van die onderwysowerhede is daarom volgens die oordeel van die hoofde nie voldoende nie. Die inligtingstukke sal beleid en regulasie moet saamvat en duidelik interpreteer, veral t.o.v. sake wat direkte verband hou met die primêre terrein van die hoof se professionele leiding. Langs hierdie weg kan bv. die taak van die hoof van die Afrikaanse skool vir hom fundamenteel begrond word, 'n saaklike uiteensetting van Calvinistiese leierskap gegee word, voorbeelde van die implementering van die Christelike en nasionale beginsels in die onderwys beskryf word, 'n lys van take wat die beginnerhoof noodsaaklik voor aanvang van 'n nuwe skooljaar moet afhandel, voorsien word, ens.

(2) Periodieke kursusse is vir diensdoende hoofde noodsaaklik. Dit kan die vorm van omvattende kursusse vir hoofde in 'n provinsie aanneem.

(3) By die opleiding van hoofde moet die klem meer op streekkursusse val en moet meer van die dienste van inspekteurs van onderwys in dié verband gebruik gemaak word.(58)

(4) Uitgerekte voltydse of deeltydse kursusse is nie wenslik nie. Kompakte kursusse wat oor aktuele sake van die hoof se taak handel, sal eerder die doel tref.(59)

(5) Die opleiding van potensiële hoofde en die gebruik om hoofde besoeke by die skole van ervare hoofde as vorm van opleiding te laat aflê, moet versigtig benader word. Lg. vorm van opleiding word

---

58. Kyk pp. 125, 126.
59. Kyk pp. 282–283.

deur sommige opleidingsinstansies as 'n doeltreffende vorm van praktiese opleiding van die hoof beskou en toegepas.[60] Dit is 'n vorm wat veral vir die opleiding van beginnerhoofde gebruik word. Dit kan onder direkte toesig van die inspekteur van onderwys (kring) as vorm van praktiese opleiding van die beginnerhoof op 'n streekbasis of binne dieselfde komprehensiewe eenhede in Suid-Afrika gebruik word.

(6) In 'n opleidingsprogram vir beginnerhoofde kan die vorme wat by nrs. 1, 8, 9 en 10 van vraag 14 genoem is, gekombineer word.

### 4.6.2 Die inhoud van die opleidingsprogram

Die inhoud van elke opleidingsprogram sal ewe-eens deur verskillende faktore beïnvloed en bepaal word, soos bv. die volgende:

die mate van ervaring van die hoofde;
die eise van die tyd;
die besondere gemeenskaplike behoeftes van die hoofde;
die soort skool waaraan die hoof verbonde is;
die tyd van die jaar waarin die kursus plaasvind.

In vraag 15 van die vraelys is 25 verskillende onderwerpe opgegee wat moontlik die inhoud van 'n kursus of kursusse vir die opleiding van die hoofde van Afrikaanse skole kan uitmaak. Die hoofde is versoek om dié onderwerpe volgens dieselfde vierpuntskaal as dié by vraag 14 te beoordeel. Die resultate van die antwoorde van die hoofde van primêre en sekondêre skole is afsonderlik en gesamentlik in tabelle 22 en 23 saamgevat.

Die onderwerpe in vraag 15 kan, ooreenkomstig hulle direkte verband met verskillende aspekte van die hoof se taak, in die volgende vyf afdelings gegroepeer word:

---

60. Vgl. McIntyre. op. cit. pp.32–35.

(1) **die onderwerpe wat verband hou met die leiding en posisie van die hoof: 15.1 – 15.6**

(2) **die onderwerpe wat verband hou met administratief-organisatoriese aangeleenthede: 15.7 – 15.10.**

(3) **die onderwerpe wat verband hou met die onderrig in die klaskamer: 15.11 – 15.17.**

(4) **algemene tegnieke wat in die skool van belang mag wees: 15.18 – 15.19.**

(5) **die onderwerpe wat direk verband hou met lewensbeskoulike aspekte in die onderwys en in die taak van die hoof: 15.20 – 15.25.**

Al die onderwerpe hang baie nou saam: elkeen het sy teoretiese en praktiese implikasies. In die lig van die roepingsbeginsel moet elkeen van dié onderwerpe voor alles in die grondmotief van die Afrikaner se fundamentele oortuigings gewortel wees. In dieselfde sin behoort die teoretiese behandeling van dié onderwerpe wat direk oor die fundamentele beskouinge in die onderwys handel as die belangrikste onderwerpe in die opleidingsprogram van die hoof van die Afrikaanse skool beskou te word. Dit behoort veral die geval te wees wanneer 'n opleidingsprogram vir beginnerhoofde opgestel word. Vanuit dié onderwerpe moet elkeen van die meer professionele en saaklik-tegniese onderwerpe perspektiwies belig word. Vir die hoof van die Afrikaanse skool behoort die ses onderwerpe wat as lewensbeskoulike aspekte geklassifiseer is om die enkele onderwerp "Christelike onderwys" (nr. 21) te sentreer. Die eis kan dus gestel word dat die onderwerp "Christelike onderwys" deur al die hoofde van die Afrikaanse skole as 'n noodsaaklike onderwerp vir die opleidingsprogram vir die hoofde van dié skole beskou behoort te word.[61]

Tabel 23 toon die gemiddelde ordevoorkeur wat die hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole afsonderlik en gesamentlik aan die

---

61. Vgl. pp. 196, 248.

**TABEL 23:** Die inhoud van kursusse: gemiddelde ordevoorkeur van die hoofde.

| | Moontlike onderwerpe vir 'n kursus vir hoofde van Afrikaanse skole | | Gemiddelde ordevoorkeur: Hoofde van primêre sk. | Gemiddelde ordevoorkeur: Hoofde v.sekondêre sk. | Gemiddelde ordevoorkeur: Gesamentlik |
|---|---|---|---|---|---|
| (1) | 15.1 | Professionele status | 17 | 21 | 20 |
| | 15.2 | Leierskap | 3 | 6 | 4 |
| | 15.3 | Personeelleiding en -ontwikkeling | 1 | 1 | 1 |
| | 15.4 | Evaluering van personeel | 5 | 5 | 5 |
| | 15.5 | Menseverhoudinge | 4 | 2 | 3 |
| | 15.6 | Gesag en dissipline | 6 | 4 | 6 |
| (2) | 15.7 | Kantooradministrasie | 8 | 7 | 7 |
| | 15.8 | Skoolorganisasie | 2 | 3 | 2 |
| | 15.9 | Skoolfondsadministrasie | 18 | 17 | 16 |
| | 15.10 | Die buitemuurse program | 23 | 22 | 22 |
| (3) | 15.11 | Onderwysvernuwing | 9 | 8 | 8 |
| | 15.12 | Onderrigmetodes | 7 | 10 | 9 |
| | 15.13 | Kommunikasie | 20 | 15 | 19 |
| | 15.14 | Aanskouingsonderwys | 14 | 20 | 18 |
| | 15.15 | Die kurrikulum | 14 | 18 | 15 |
| | 15.16 | Remediërende onderwys | 13 | 11 | 12 |
| | 15.17 | Biblioteekintegrering | 19 | 14 | 16 |
| (4) | 15.18 | Voogonderwys | 25 | 24 | 24 |
| | 15.19 | Navorsingstegnieke | 22 | 23 | 23 |
| (5) | 15.20 | Onderwyswetgewing in Suid-Afrika | 24 | 25 | 25 |
| | 15.21 | Christelike onderwys | 11 | 12 | 11 |
| | 15.22 | Nasionale onderwys | 12 | 13 | 13 |
| | 15.23 | Lewensbeskoulike opvoeding | 16 | 16 | 14 |
| | 15.24 | Geestelike weerbaarheid | 10 | 9 | 10 |
| | 15.25 | Fisiese weerbaarheid | 21 | 19 | 21 |

25 onderwerpe in vraag 15 gegee het. Uit die gegewens in tabel 22 is dit af te lei dat nóg die hoofde van Afrikaanse primêre skole, nóg dié van Afrikaanse sekondêre skole Christelike onderwys as die belangrikste van die gegewe onderwerpe beskou. Die hoofde plaas dié onderwerp elfde op die ordelys. Nie een van die ses onderwerpe wat as lewensbeskoulike aspekte geklassifiseer is, het 'n plek hoër as tiende op die ordelys behaal nie. Die meerderheid (86,6%) hoofde beskou Christelike onderwys wel as noodsaaklik én belangrik. Die feite wat kommer wek, is dat net 53,4% van die hoofde dié onderwerp as noodsaaklik vir 'n opleidingsprogram vir hoofde beskou, terwyl 5,6% dit selfs as onbelangrik vir sodanige program beskou (kyk tabel 23). Dit mag wees dat sommige van die hoofde sodanige heldere begrip van hulle verantwoordelikheid as geroepenes en van die implementering van die beginsels van Christelike onderwys in die skool het, dat hulle geen behoefte aan enige verdere voorligting en opleiding daarin gevoel nie. Dié vermoede mag ook vir elkeen van die ander vyf onderwerpe wat direk met die lewensbeskoulike aspekte in die onderwys verband hou, waar wees. Daar moet egter in gedagte gehou word dat ons hier met fundamentele sake te doen het wat teenoor die saaklik-tegniese aspekte van die hoof se taak afgeweeg word.[62]

Tabel 24 toon die aantal toekennings wat die hoofde van die twee soorte skole afsonderlik en gesamentlik ten opsigte van elke onderwerp volgens die vierpuntskaal gemaak het. Dié tabel is ook so saamgestel dat die totale gemiddelde getal toekennings van die hoofde aan die vyf groepe onderwerpe met mekaar vergelyk kan word.

**Uit die gegewens in tabelle 23 en 24 blyk o.a. die volgende:**

(1) Al 25 die onderwerpe word deur die meerderheid hoofde van primêre skole as belangrik en noodsaaklik vir 'n kursus vir hoofde van skole beskou. Met die uitsondering van een onderwerp (nr. 20) is dit waar betreffende die oordeel van die hoofde van sekondêre skole. 'n Klein meerderheid van die hoofde is van oordeel dat

62. Kyk pp. 199–203; 213–214.

TABEL 24:

| NOMMER VAN ONDERWERP | 1 Noodsaaklik |
|---|---|
| 1 | 163 |
| 2 | 289 |
| 3 | 315 |
| 4 | 252 |
| 5 | 266 |
| 6 | 241 |
| 7 | 23( |
| 8 | 28{ |
| 9 | 13{ |
| 10 | 6{ |
| 11 | 224 |
| 12 | 23{ |
| 13 | 121 |
| 14 | 13{ |
| 15 | 151 |
| 16 | 16{ |
| 17 | 11{ |
| 18 | 51 |
| 19 | 8{ |
| 20 | 7{ |
| 21 | 20{ |
| 22 | 18{ |
| 23 | 14{ |
| 24 | 20{ |
| 25 | 11{ |

OPMERKING

(1) "Belan

(2) Hoe kl

"onderwyswetgewing" 'n onderwerp is wat van min belang of onbelangrik is vir die inhoud van 'n hoofdekursus. 'n Soortgelyke tendens kom by 'n beduidende getal hoofde van primêre skole voor. Dié onderwerp verskyn dan ook laaste op die lys van gemiddelde ordevoorkeur (kyk tabel 23).

(2) Die klem val in die ordevoorkeur van die hoofde op sake wat om die leiding en posisie van die hoof sentreer. Daar is in dié opsig noue verband tussen die onderwerpe wat die hoofde as die belangrikste stel en die belangrikste probleme wat hulle in die uitvoering van hulle taak ondervind. Dié hoofde is meer op die praktiese probleme in hulle professie ingestel.

(3) Dié bewering word gestaaf deur die feit dat dit vir die hoofde belangriker is dat onderwerpe wat met die administratief-organisatoriese en die onderrig-aspekte van hulle taak verband hou, 'n deel sal uitmaak van die inhoud van 'n hoofdekursus as wat dit die geval met onderwerpe wat direkte verband met lewensbeskoulike sake hou, sal wees. Dit wil voorkom of die hoofde meer pragmaties as lewensbeskoulik-perspektiwies op hulle taak ingestel is.[63]

(4) Hoewel "geestelike weerbaarheid" soos dit in die vraag staan 'n ongeïdentifiseerde begrip is, heg meer hoofde waarde daaraan as dat "Christelike onderwys" 'n deel van die inhoud van 'n hoofdekursus sal uitmaak. Die beginsels van die Christelike onderwys, as hoekpilaar van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967), gryp immers oor die volle linie van die onderwys én die taak van die hoof van die Afrikaanse skool heen. Dit is duidelik dat die klem betreffende die inhoud van 'n hoofdekursus vir die hoofde in die eerste plek op die horisontale sy van hulle taak val en daarna op die vertikale.

(5) "Voogonderwys" en "navorsingstegnieke" het as groep onderwerpe die minste klem in die oordeel van die hoofde ontvang. Die volgende is die waarskynlike redes daarvoor:

---

63. Kyk p. 214.
Vgl. ook Romein, T. Education and responsibility, pp.113–116.

voogonderwys is aan die hoofde van die Kaaplandse skole onbekend, terwyl geen gevestigde stelsel daarvan in die ander provinsies toegepas word nie.(64)

navorsingstegnieke impliseer akademiese studie, terwyl die hoofde eerder die bevindinge wat die toepassing van sodanige tegnieke na vore gebring het in die praktyk sal wil implementeer.

Die volgende is enkele sake wat deur 'n paar hoofde van primêre skole tot die lys van onderwerpe in vraag 15 bygevoeg is:

die sertifisering en plasing van verstandelik afwykende leerlinge;
die skoolgereedheid van kinders;
die ontmoeting van die senior amptenare van die hoofkantoor;
wellewendheid;
selfdissipline;
die plaasskool;
vakonderwys;
koshuisadministrasie.

Die meerderheid van hierdie onderwerpe is egter by implikasie in die onderwerpe wat by vraag 15 genoem is, vervat.

Enkele hoofde van sekondêre skole het o.a. die volgende onderwerpe bygevoeg:

gedifferensieerde onderwys;
klasbesoek en die kontrole van onderwyser- en leerlingwerk;
die keuring van geskikte aspirante vir die professie;
C.N.O.

Dit is duidelik dat dié onderwerpe ook onder afdelings (1), (2), (3) en (5) (groepe onderwerpe) van vraag 15, soos hierbo aangedui, behan-

---

64. Vgl. die opmerkings wat hoofde van Kaaplandse skole by vraag 15.8 geskryf het.

handel kan word. Behalwe C.N.O. hou al die onderwerpe wat die hoofde van primêre en sekondêre skole bygevoeg het ook verband met die eerste drie afdelings van vraag 15. C.N.O. is die belangrikste onderwerp vir enige kursus vir hoofde van Afrikaanse skole en sal noodwendig onder afdeling (5) van vraag 15 ter sprake moet kom.

Die hoof moet ook voortdurend op hoogte bly en dieper insig verkry in die gees van die tyd en die implikasies daarvan vir die Afrikaanse skool. Dit behoort egter ook saam met die behandeling van die lewensbeskoulike aspekte van die hoof se taak ter sprake te kom.

Daar kan nou gekonkludeer word dat die 25 onderwerpe wat in vraag 15 ingesluit is die veld wat in kursusse vir hoofde van Afrikaanse skole bestryk moet word, redelik volledig verteenwoordig. Dit is uit die aard van die saak onmoontlik om al die onderwerpe in 'n enkele kort kursus te behandel.[65]

### 4.6.3 Enkele metodes en tegnieke wat toegepas kan word

'n Verskeidenheid metodologiese weë is reeds in die Westerse lande ontwerp om die gestelde ideale met die opleiding van hoofde te bereik. Daar is reeds met groot vrug van sommige van dié metodes in kursusse in Suid-Afrika gebruik gemaak. Nog meer kan toegepas word. Sommige metodes en tegnieke kan veral in die teoretiese opleiding van die hoof doeltreffend gebruik word, terwyl ander beter by die praktiese opleiding van die hoof pas.

#### 4.6.3.1 Metodes en tegnieke wat in teoretiese situasies gebruik kan word

Dié metodes en tegnieke het die algemene oriëntering van die hoof t.o.v. sy taak en die verwerwing van kennis oor en insig in probleemsituasies voor oë. Hulle word veral in die opleiding van potensiële en beginnerhoofde met vrug toegepas.

Die **studiemetode** is een van die groep metodes. 'n Onderwerp of reeks onderwerpe word vir bestudering aan die hoof opgedra. Studieriglyne

---

65. Vgl. Cunningham & Redford op. cit. p.36.

en bronnelyste word voorsien. Die studie word deeltyds afgehandel. Soms word verwag dat skriftelike take oor die onderwerp voltooi moet word. Na afhandeling van die studie word die inhoud van die skriftelike taak met 'n studieleier bespreek. Dié metode kan ook 'n teoretiese kursus vir hoofde voorafgaan. Tydens die kursus ontvang die hoofde dan verdere toeligting en kan probleme onder leiding van opgeleide groepleiers bespreek en uitgepluis word.[66]

Die sgn. **sindikaatmetode** hang nou saam met die vorige.[67] Die enigste verskil is dat bepaalde probleme deur groepe hoofde saam bestudeer word. Hoofde van nabygeleë skole word in groepe van 3 tot 7 lede ingedeel. Die ideale toestand is dat groepe só saamgestel word dat daarin hoofde met verskillende belangstellings, kwalifikasies en van skole van verskillende grootte saamgetrek word. Die lede kan om die beurt die leiding neem. In Suid-Afrika kan die inspekteur van onderwys as die sindikaatleier van meer as een studiegroep optree. Die studietema moet binne 'n bepaalde tyd deur die groep afgehandel word. 'n Gekonsolideerde verslag moet oor die tema aan die studieleier voorgelê word. Dié metode kan ook 'n bepaalde kursus vir die hoofde voorafgaan. Tydens die kursus word verskillende groepe dan onder leiding van deskundige leiers in groter besprekingsgroepe saamgetrek. Die waarde van dié metode lê in die samevoeging en koördinering van kennis en gesigspunte, terwyl van die groeplede ook die geleentheid kry om die beginsels van groepdinamika in die praktyk toe te pas.

Die **lesingmetode** het ook sy waarde in die opleidingprogram vir hoofde. Die referente moet oor deskundige kennis van die onderwerpe beskik en dinamiese sprekers wees. Hulle moet daarom versigtig gekies word. Dié metode kry groter waarde wanneer die referent die kursusgangers met probleme wat met die praktyk van die hoof verband hou, konfronteer en sy uiteensettings met **'n simposium** òf met **groepbesprekings** opgevolg word. In Suid-Afrika kan die referent byvoorbeeld aan 'n groep hoofde van Afri-

---

66. Vgl. McIntyre, K.E. op. cit., p.67.
    Taylor, W. op. cit., p.150.
67. Cunningham & Redford. op. cit., p.39.

kaanse skole 'n saaklike uiteensetting van die wese van Christelike onderwys gee, terwyl hy dan die kursusgangers met die vraag hoe die beginsels van die Christelike onderwys in die skool in die praktyk gebring kan word, konfronteer. Die groepleiers moet ook versigtig gekies, vooraf in die hantering van groepe opgelei en t.o.v. die kerngedagtes in die referaat voorberei word.(68)

Selfs die **debat** en **seminaar** kan as metodes in die opleidingsprogram van die hoof oorweeg word. Fundamentele sake betreffende die Afrikaanse skool mag egter nie bevraagteken word nie.

4.6.3.2 Metodes en tegnieke wat in die praktiese opleiding van die hoof gebruik kan word.

Die doel van dié groep metodes en tegnieke is om aan hoofde in spesiaal beplande praktiese situasies oefening in hoofskap te gee. Die beginnerhoof kan op dié wyse gelei word tot insig in die verskeidenheid verantwoordelikhede, probleemsituasies en uitdagings waarvoor die hoof daagliks te staan kom. Deur van dié metodes en tegnieke in 'n opleidingsprogram vir diensdoende hoofde gebruik te maak, kan die kwaliteit van hulle leiding by hulle eie skole verhoog word. Dié groep metodes staan ook as aktiwiteitsmetodes of ervaringsmetodes bekend. Die Pasadenaprogram is 'n tipiese voorbeeld hiervan.

Een van die eenvoudigste tegnieke wat vir die opleiding van aspirant- en beginnerhoofde toegepas word, is dié van **waarneming**. Dit is 'n indirekte metode. Die aspirant- of beginnerhoof neem volgens 'n beplande program waar hoe ervare, bekwame hoofde in bepaalde situasies optree.(69) Die onervare hoof kan ook vir gesette tye onder die leiding van 'n ervare, bekwame hoof geplaas word. In so 'n geval kan dan van die sgn. **"in-basket"** – of **projektegniek** gebruik gemaak word.(70)

---

68. Vgl. McIntyre, K.E. op. cit. pp.60–62.
69. Ibid, p. 31.
70. Vgl. Cunningham, K.S. and Redford, W.C. op. cit. p.129.

Die laasgenoemde tegniek kom daarop neer dat die leierhoof in die skoolsituasie praktiese probleme vir uitvoering aan die onervare of potensiële hoof stel. Die probleemsituasies kan kunsmatig geskep word of uit die normale gang van die skool se werksaamhede geneem word. Die leierhoof gaan bv. soos volg te werk: Hy beplan vooraf 'n reeks duidelik uiteengesette opdragte of projekte vir die leerlinghoof. Wanneer lg. in die oggend by die skool opdaag, ontvang hy sy opdragte vir die dag of week. Die leerlinghoof kry geleentheid om die opdragte te bestudeer. Die skoolbeleid, onderwysregulasies en enige ander inligting en dokumente wat hy mag benodig en waarin hy insae mag hê, word tot sy beskikking gestel. Die uitvoering van die opdragte word dan ingelei met samesprekings met die leierhoof, wat bv. die wese van 'n bepaalde taak saaklik uiteensit en die noodsaaklikheid daarvan motiveer. Nadat 'n opdrag uitgevoer is, word die resultaat weer bespreek, aan die praktyk getoets, geëvalueer, aanbevelings gedoen, ens.

Die volgende is bv. opdragte wat in dié tegniek gebruik kan word:

Stel 'n program vir die hoof vir een week op.

Stel 'n pligstaat vir die administratiewe personeel op en dui aan hoedat u die pligte onder die lede sal verdeel.

Stel 'n kort handleiding oor die skool vir die inligting van die ouers op.

Stel die beleid van 'n buitemuurse program vir 'n skool op.

Bestudeer en beoordeel die vakbeleide.

Ondersoek 'n geval van onreëlmatige gedrag onder bepaalde leerlinge.

Stel die hoof se inleidende praatjie oor gedifferensieerde onderwys vir 'n personeelvergadering op.

Beplan die personeelbesetting vir 'n skool aan die begin van 'n jaar.

Staan die ouers vandag te woord.

Adviseer 'n personeellid oor 'n opvoedkundige besoek aan historiese plekke in die omgewing.

Stel die hoof se beleid en rooster vir klasbesoek op.(71)

Dit is belangrik dat hipotetiese probleemsituasies vooraf deeglik beplan word. Dit kan deur 'n sentrale kursuskomitee van die onderwysdepartement gedoen word. Die leierhoofde moet ter wille van 'n eenheidspatroon van optrede vir hulle taak opgelei word. Die leerlinghoof moet vir die tydperk wat hy by 'n bepaalde skool deurbring, deel hê aan die vergaderings en die sosiale bedrywighede van die personeel. Dit is ewe belangrik dat waar die leerlinghoof opdragte binne die normale voortgang van die skool se werksaamhede uitvoer, dit altyd in teenwoordigheid van die hoof van die skool sal geskied, soos bv. wanneer ouers van die skool te woord gestaan word.

'n Variasie op die voorgaande wyse kan toegepas word wanneer die leerlinghoof reeds 'n mate van opleiding en ervaring opgedoen het. Die leierhoof laat die leerlinghoof saam met hom in die normale gang van die skool se werksaamhede beweeg en werk. Wanneer hulle voor bepaalde probleemsituasies te staan kom, moet die leerlinghoof eers geleentheid kry om te sê hoe hy in die geval sal optree en wat hy as oplossing aanbied. Die leierhoof moet ingestel wees om positief te lei, te inisieer en te waardeer.

'n Mate van praktiese opleiding kan ook deel van 'n herhalingskursus vir ervare hoofde uitmaak. Dié hoofde kan byvoorbeeld onder leiding van die inspekteur van onderwys by 'n bepaalde skool besoek aflê om daar die resultate van 'n bepaalde projek wat die hoof en sy personeel deurgevoer het, waar te neem en te bespreek.

Die ervaringsaktiwiteite wat as deel van 'n opleidingsprogram beplan word, moet altyd daarop gerig wees om aan die hoofde dieper insig in bepaalde probleemsituasies te gee.

---

71. Vgl. McIntyre, K.E. op. cit., pp.35–36, 63.
Taylor, W. op. cit., pp.150–152.

4.7 Die informele indiensontwikkeling van die hoof

Die ontplooiing en ontwikkeling van die professionele vermoëns van die hoof is 'n kontinue handeling wat in 'n grafiese voorstelling 'n stygende lyn behoort te toon. Toenemende verbetering in die diens sal in 'n groot mate afhang van die mate van erns, toewyding en oorgawe waarmee die hoof sy taak benader en uitvoer. Die onderwysowerheid en die inspekteur van onderwys moet die hoof voortdurend daartoe aanmoedig en lei.

Enkele media waarvan die hoof gebruik kan maak om sy kontinue informele indiensontwikkeling te verseker, word ter wille van insig in sy algemene opleiding en by wyse van samevatting hier opgesom:

**Self-evaluering:** Die hoof moet voortdurend introspeksie doen, die resultate van sy handelinge in die lig van bepaalde standaarde evalueer en verbetering in die lig daarvan beplan.

**Die lees van opvoedkundige en ander geskrifte:** Die hoof moet gereeld oor 'n verskeidenheid onderwerpe lees. Hy moet krities lees. Dit is een van die beste maniere om sy kennis, insig en visie te verbreed.

**Die skryf van memoranda, artikels en boeke:** Daar is min sake wat die hoof só dwing om sy gedagtes logies te orden as juis dit nie.

**Studie:** Formele studie in veral Opvoedkunde vat beide die vorige twee media saam. Dit bly vir die hoof van vormende en rigtende waarde.

**Die indiensopleiding van personeel** wat deur die hoof beplan moet word, is een van die doeltreffendste vorme waardeur die ervare hoof steeds indiens-verbetering kan bewerkstellig.(72)

---

72. Vgl. Pharis, W.L. op. cit., pp.19–20.
McIntyre, K.E. op. cit., pp.69–95.

## 5. 'n Konsep-opleidingsprogram vir die beginnerhoofde van Afrikaanse skole

### 5.1 Inleidend

In die lig van die uiteensettings in hierdie en die vorige hoofstukke, word die onderstaande konsepplan vir die opleiding van die beginnerhoofde van Afrikaanse skole in die R.S.A. aangebied. Die algemene beginsels en vereistes wat in paragraaf 4.1 hierbo gestel is, het ook op hierdie opleidingsprogram betrekking. In die lig van die aktualiteit van sodanige opleiding, moet dit vir alle beginnerhoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole verpligtend wees. Dié program het die algemene oriëntering van die pasaangestelde hoof t.o.v. sy taak voor oë, daarom kan die beginnerhoofde van beide die primêre en die sekondêre skole in dieselfde program betrek word.

### 5.2 Die tyd, aard en vorm van opleiding

Die beginnerhoofde behoort minstens ses tot nege maande voor diensaanvaarding aangestel te word.[73] Hulle opleidingsprogram sal in breë trekke uit twee fases bestaan:

- 'n tydperk van teoretiese en praktiese opleiding nadat hulle hulle aanstellings ontvang het, maar voordat hulle diens aanvaar.
- 'n tydperk van formele en informele opleiding nadat hulle diens aanvaar het en reeds met die probleme in die praktyk kennis gemaak het.

#### 5.2.1 Die eerste fase

Die eerste fase moet minstens die volgende vorme van opleiding inhou:

(1) Die bestudering van inligtingstukke wat deur 'n kursuskomitee saamgestel is. Dit kan onder leiding van die kringsinspekteur binne 'n bepaalde komprehensiewe eenheid plaasvind.

---

73. Vgl. McIntyre, K.E. op. cit. p.26.

(2) Die bywoning van 'n teoretiese kursus wat minstens een week (Maandag tot Vrydag) van 'n vakansie sal duur en wat deur dieselfde komitee by (1) genoem in samewerking met opvoedkundiges en amptenare beplan, gereël en aangebied sal word. Dit moet verkieslik op 'n sentrale plek wat digby die hoofkantoor in elke provinsie geleë is, aangebied word, sodat ontmoetings tussen die senior amptenare van die onderwysdepartement en die kursusgangers ook gerieflik gereël kan word.

(3) Praktiese opleiding onder leiding van leierhoofde en die kringsinspekteur vir minstens een week lank gedurende die kwartaal wat op die teoretiese kursus hierbo (2) genoem volg. Dit moet verkieslik binne die komprehensiewe eenheid waar die beginnerhoof hom ten tye van sy aanstelling bevind, geskied.

5.2.2 Die tweede fase

Die opleiding van die diensdoende beginnerhoof moet binne die eerste jaar van sy hoofskap afgehandel word. Dit moet verkieslik op beplande wyse onder leiding van die kringsinspekteur geskied.. Dit behoort met 'n kort kursus, wat een of twee dae sal duur, afgesluit te word. Dié kursus kan maar binne die skoolkwartaal plaasvind. Dit moet verkieslik op gedesentraliseerde basis by soveel moontlik sentra in elke provinsie gehou word, maar verkieslik nie meer as 12 nie.

5.3 Die inhoud van die program

5.3.1 Die eerste fase

(i) Beknopte inligtingstukke kan oor die volgende onderwerpe vir bestudering aan beginnerhoofde gestuur word net nadat hulle hulle aanstellings ontvang het:

- (a) Die belangrikheid van hoofskap.
- (b) Die primêre en sekondêre terreine van die hoof se taakomgewing.
- (c) Die belangrikste trekke van die organisasie van die primêre en sekondêre skole.
- (d) Take wat die hoof voor aanvang van die skooljaar moet afhandel.

(e) Die hoof en sy medewerkers: 'n saaklike aanduiding van hulle belangrikste funksies.

(f) Onderwysregulasies: Gedurende die eerste fase van sy opleiding moet die hoof hom opnuut met die jongste onderwysregulasies op die hoogte stel.

(g) Die belangrikste beleidsbeginsels van die jongste onderwyswetgewing.

(ii) Tydens die vakansiekursus moet die volgende onderwerpe behandel word:

(a) Die hoof se taak in roepingsperspektief – breë riglyne.

(b) Die implementering van die Christelik-nasionale beginsels in die skool.

(c) Die gees van die tyd en die implikasies daarvan vir die skool.

(d) Die hoof as professionele leier:

Leierskap.

Menseverhoudinge in die skool (kyk hierbo: Die hoof en sy medewerkers).

Die leiding aan en ontwikkeling van die administratiewe en professionele personeel.

Die hoof as leier van die leerlinge.

(e) Die hoof se belangrikste probleme – oorsake en oplossings.

(f) Vernuwing in die onderwys:

Nuwe tendense: kommunikasie; gedifferensieerde onderwys; remediërende onderwys; voogonderwys.

Die kurrikulum van die sekondêre en die primêre skool.

Nuwe metodes en tegnieke.

(iii) Vir die week van praktiese opleiding onder leiding van die kringsinspekteur van onderwys en die leierhoof kan 'n verskeidenheid opdragte aan die beginnerhoofde gegee word.

**TABEL 25:** Skematiese samevatting van die konsepplan vir die opleiding van die beginnerhoof

| EERSTE FASE: | **Ná aanstelling, maar voor diensaanvaarding** | |
|---|---|---|
| **VORM** | **INHOUD** | **METODES en TEGNIEKE** |
| (i) **Inligtingstukke** aan pasaangesteldes | (i) Opsommings en skematiese voorstellings van die belangrikheid en taakomgewing van hoofskap; beleidsbeginsels,ens. | (i) Navorsing, studie, samesprekings |
| (ii) **Teoretiese kursus** gedurende 'n vakansie verkieslik op een sentrale plek in provinsie. | (ii) Lewensbeskoulike, profesionele en administratiewe aspekte: roeping; leierskap; kantooradministrasie | (ii) Lesings; referate; simposiums; seminare; debatte; verskillende variasies van die groepbesprekingstegniek. |
| (iii) **Praktiese kursus** vir een week in kwartaal wat op (ii) volg, o.l.v. leierhoofde. | (iii) Opdragte en probleemsituasies binne bestek van die praktiese skoolsituasie. | (iii) Waarneming; studie; projektegnieke; besoeke; besprekings. |

| TWEEDE FASE: | **Eerste jaar van hoofskap** | |
|---|---|---|
| **VORM** | **INHOUD** | **METODES en TEGNIEKE** |
| (i) Informele indiensontwikkeling o.l.v. die I.v.O. | (i) Aspekte van primêre taakomgewing. | (i) Waarneming; besoeke; besprekings; lees; skryf van memoranda en artikels; samesprekings met I.v.O. |
| (ii) 'n Formele afsluitingskursus verkieslik op streekbasis. | (ii) Die belangrikste probleme van die beginnerhoof. | (ii) Referate; studie opgevolg deur groepbesprekings; samevattings en konklusies. |

5.3.2 Die tweede fase

Die opleiding gedurende die tweede fase sal in hoofsaak inhou dat die beginnerhoof sy normale pligte onder die simpatieke leiding van die kringsinspekteur van onderwys uitvoer. Die mate van opleiding wat die eersgenoemde moet ontvang, sal afhang van die tempo waarteen hy sy vaardigheid verhoog. Daar moet hoofsaaklik op sy belangrikste probleme en tekortkominge gekonsentreer word.

5.4 Die metodes en tegnieke

5.4.1 Die eerste fase

(i) Die inligtingstukke moet bestudeer en desnoods ook met die hoof van die skool waaraan die beginnerhoof op daardie tydstip nog verbonde is, bespreek word. Hy kan reeds bibliografie oor die onderwerpe raadpleeg, wyer lees en na sy oordeel bepaalde vraagstukke aanteken vir bespreking met die inspekteur óf by geleentheid van die teoretiese kursus.

(ii) Die metodes en tegnieke wat hierbo bespreek is, kan waar van toepassing vir die behandeling van die onderwerpe en die opdragte van beide die teoretiese en praktiese kursusse gebruik word.

5.4.2 Die tweede fase

Dit is in hierdie stadium dat die informele indiensontwikkeling en die formele indiensopleiding van die beginnerhoof gepaar word. Hy pas dan die teoretiese en praktiese kennis wat hy tot op daardie stadium in sy opleiding opgedoen het, selfstandig toe. Die belangrikste probleemsituasies sal na bespreking met die inspekteur geredelik opgelos kan word. 'n Afsluitingskursus moet aan die motivering, bespreking en oplossing van sy belangrikste probleme gewy word.

5.5 Enkele implikasies van die plan

(1) Die indiensopleiding van die ervare diensdoende hoof sal die derde fase van die opleiding van die hoof uitmaak. Na die oordeel van die groot meerderheid hoofde moet dit by wyse van 'n periodieke kursus geskied. In

die lig van die voorgaande konsepplan moet die beginnerhoof nie in sy eerste jaar van hoofskap 'n algemene kursus vir ervare hoofde wat oor aspekte van hoofskap handel, bywoon nie. Dit sal meebring dat die beginnerhoof in die eerste jaar van sy hoofskap beide 'n afsluitingskursus vir beginnerhoofde en die algemene kursus vir ervare hoofde sal moet bywoon.

(2) In die derde fase van opleiding van die hoof moet 'n kursus met 'n ander inhoud as vir dié van die beginnerhoofde aangebied word.

(3) 'n Permanente kursuskomitee sal vir die reëling van die drie fases van opleiding van die hoofde van primêre en sekondêre skole in elke provinsie in die lewe geroep moet word. Die komitees sal ook die opleiding van leierhoofde in samewerking met die kringsinspekteurs van onderwys moet beplan. Konferensies behoort ook tussen dié komitees en die inspekteurs in elke provinsie plaas te vind.

(4) In elke provinsie sal jaarliks begroot moet word om die implementering van 'n vaste plan of stelsel van opleiding finansieel moontlik te maak.

## 6. Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n poging aangewend om die noodsaaklikheid van die beplande opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool te motiveer, die belangrikste vraagstukke i.v.m. sodanige opleiding te ondersoek en om op grond van Christelik-opvoedkundige teorie en praktyk die riglyne van 'n konsepplan vir die opleiding van die beginnerhoof daar te stel. Aangesien die beplande opleiding van die hoof in die R.S.A. in 'n vroeë stadium van ontwikkeling verkeer, is in dié hoofstuk positief voorstellend en ontwerpend te werk gegaan, eerder as om bestaande stelsels van opleiding krities te beoordeel.

Daar is vasgestel dat verskillende omstandighede vandag vereis dat die hoofde deeglik opgelei moet word vir hulle taak. In die meeste Westerse lande geniet dié aangeleentheid ook toenemende aandag. Opvoedkundiges in Amerika het die voortou geneem in die navorsing na die waarde van die beplande opleiding van hoofde. In dié staat is daar ook die verste gevorder in die ontwerp en implementering van verskillende vorme en metodes van

sodanige opleiding. Verskeie ander state het reeds hiervan oorgeneem en begin toepas.

In die R.S.A. het twee provinsiale onderwysowerhede ook reeds kursusse in dié verband georganiseer. Transvaal het daarin die voortou geneem en het reeds aparte kursusse vir beginner- en ervare hoofde aangebied. Daar is bevind dat dié kursusse nog nie ten volle in die gees en rigting van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner gegrond word nie. Dit is daarom noodsaaklik dat 'n eenheidsplan, wat in lyn sal lê met die beginsels van eenheidsopvoeding, vir die opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool daargestel moet word. Om dit te bereik sal die beginsels van die Wet op Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967) en alle wetlike reëlings m.b.t. die opleiding van onderwysers, wel deeglik in aanmerking geneem moet word.

Die daarstelling van 'n eenheidstelsel moet vir al vier die provinsies in die R.S.A. geld. Sentrale kursuskomitees wat die opleidingsprogramme vir hoofde in die provinsies daarstel en organiseer, sal in die lewe geroep moet word. 'n Groot mate van koördinering van werksaamhede en die daarstelling van gelykvormige kursusse, kan al bereik word as hierdie komitees toegelaat word om onder beheer van die provinsiale onderwyshoofde met mekaar te skakel.

Die lede van kursuskomitees moet gelowige Christene wees wat teoreties en prakties onderlê is om sodanige opleidingsprogramme saam te stel en te implementeer wat die gees en rigting van die Afrikaner se fundamentele oortuigings sal adem, sodat die opleiding van die sleutelfiguur in die Afrikaanse skool in roepingsperspektief kan geskied.

By die gebrek aan 'n wetenskaplike stelsel van keuring van potensiële hoofde, moet in Suid-Afrika voorlopig op die opleiding van die beginnerhoofde en die diensdoende hoofde gekonsentreer word. Dié van die beginnerhoof is die belangrikste. Die opleiding van waarnemende hoofde, vise- en adjunk-hoofde moet verkieslik tot hulle indiensopleiding in die poste wat hulle beklee, beperk bly. Dit moet hoofsaaklik deur die hoofde self waargeneem word. Op grond van die waarde wat ervare hoofde daaraan skenk,

moet die voordeel van die vroeë keuring van potensiële hoofde en hulle opleiding op 'n wetenskaplike basis oorweeg word.

Volgens die opname wat gemaak is, gee die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole voorkeur aan veral drie vorme van opleiding: die stuur van inligtingstukke aan pasaangestelde hoofde voordat hulle as hoofde diens aanvaar; die indiensopleiding van dié hoofde o.l.v. die kringsinspekteur van onderwys en ervare hoofde; die opleiding van ervare diensdoende hoofde d.m.v. periodieke kursusse.

'n Konsep-plan vir die opleiding van beginnerhoofde is op grond van die bogenoemde voorkeur ontwerp. Dié opleiding behoort in twee fases te geskied: opleiding in die tydperk tussen aanstelling en diensaanvaarding en opleiding gedurende die eerste jaar van hoofskap.

Met die teoretiese en praktiese opleiding van beginnerhoofde moet die grondslae gelê word waarop alle latere indiensopleiding van die hoof in engere en in breëre sin, gebou word. Dit wil voorkom of die diensdoende hoofde m.b.t. die inhoud van kursusse voorkeur gee aan sake wat rondom hulle praktiese behoeftes en probleme sentreer. Selfs dié behoeftes en probleme moet vanuit roepingsperspektief belig, behandel en opgelos word. Die fundamentele grondslae van die hoof se posisie en taak moet daarom die hoofinhoud van 'n kursus (opleidingsprogram) vir beginnerhoofde uitmaak. Programme vir die verdere opleiding van diensdoende hoofde kan hoofsaaklik praktiese professionele sake as hoofinhoud hê, maar selfs dit sal teoreties in die oortuigings van die Afrikaner gegrond moet wees. In die lig van wat daar oor die moontlike waarde vir die hoof van studie in Opvoedkunde opgesluit kan lê en op grond van die neiging by hoofde om eerder in Opvoedkunde as in ander rigtings verder te studeer, behoort dit deur die Afrikaanse universiteitsowerhede oorweeg te word om 'n nagraadse kursus in Opvoedkunde in te stel wat op die taak van die hoof van die Afrikaanse skool ingestel sal wees.

Daar is in oorsese lande reeds verskillende metodes en tegnieke van opleiding van die hoof ontwerp en toegepas. Verskeie van dié metodes kan ook by plaaslike omstandighede en behoeftes aangepas word. Dieselfde fundamentele eis wat vir die inhoud van 'n kursus geld, geld ook vir die metodes en tegnieke wat toegepas word.

Vir die Afrikaner bestaan 'n lewenseenheid finalitêr in die religieuse. Kragtens Gods verordinering is die mens geroepe om dié eenheid in al sy lewensverbande te beleef tot harmoniese ontplooiing as 'n God-in-alles-dienende skepsel. 'n Eenheidslyn loop deur die roeping én die taak én die opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool. Só gesien en bereik, kan die hoof eers 'n ware leier wees wat as dienskneg in die koninkryk van God 'n ware eenheidsopvoeding in al die verbande van sy taakomgewing realiseer.